Oordenking
29 September 2009

Aanbid met blydskap.

Dit is amusant hoe mense partykeer verander, as hulle in die kerk kom. Ewe skielik lyk vriendelike, opgewekte mense stroef en bedruk. (Ons is so grootgemaak, sê hulle, mens moet in die kerk so neerslagtig lyk!) Vat dieselfde mens na 'n rugby wedstryd of 'n kantoor partytjie en daar is geen einde aan die pret en uitbundigheid waartoe hulle in staat is nie.

Mense het emosies en goeie, opbouende emosies is goed vir ons.
In die kerk moet ons ook vrygemaak word om entoesiasties te wees in ons lof en aanbidding, want daar is so baie waaroor ons bly kan wees. Ons moet die Here vra om ons vry te maak van wanvoorstellings oor aanbidding, sodat ons werklike lof en blydskap kan leer ken.

Ons, Christene, het 'n ware openbaring nodig van die grootheid van God. En insig in die baie seëninge wat ons van Hom ontvang. Ons is eenvoudig net te onbewus van selfs 'n deel van die goedheid wat ons van die Here ontvang. As ons net 'n voorsmaak kan hê van die veelvoudige maniere waarop God ons seën, sal dit ons wakker skud en entoesiasties maak in ons danksegging en lof.
En dis waar. Ons, sy kinders, is meer geseënd as enige iemand anders.

Ons mag die ontsagwekkende Skepperheer, ons Vader noem. Ons ken Jesus as vriend, beskermer, redder en verlosser. En sy Heilige Gees bly altyd in en by ons. Die heilige God noem ons sy eie mense, gee om vir ons en het ons lief met goddelike passie.

Bid hieroor. Vra God om jou insig te gee daarin hoe goed Hy vir jou is. Vra Hom om jou te wys hoeveel jy het om oor bly te wees.
Enige voorsmaak van sy heerlikheid en van sy ewige liefde vir jou, sal jou aanbidding, en die gesindheid waarmee jy kerk toe kom radikaal verander. Jy sal leer wat ware dankbare, blydskap is! Dit sal jou hele lewe verander.

Selfs al verstaan jy net 'n bietjie van sy seën in jou lewe, sal jy saam met die psalmdigter wil sing:
Juig tot eer van die Here, almal op aarde! Dien die Here met blydskap! Kom voor Hom met gejubel! Erken dat die Here God is: Hy het ons gemaak en ons is syne, ons is sy volk, sy eie kudde. Gaan sy poorte binne met dankliedere, sy tempel met lofsange, dank Hom, prys sy Naam, want die Here is goed, aan sy liefde is daar geen einde nie, sy trou duur van geslag tot geslag. (Psalm 100.)